ADVERTENSIE

# "Ons voorvader was President van die ANC, maar *ons* stem almal NP."




"Ons is die familie van Sefako Mapogo Makgatho. Hy was een van hulle wat die ANC begin het en was ook President van die ANC. Hy was ook een van die mense wat in die lang jare van die ANC die meeste gerespekteer is.

Maar ons stem almal vir die Nasionale Party. Nie net die vyf van ons wat julle hier sien by sy graf nie – maar *elf* van sy familie almal saam. En ons glo as hy vandag gelewe het, sou hy ook vir die NP gestem het.

Eerstens sê ons so want die ANC lyk vandag glad nie soos die party wat hy help begin het nie. Hy was 'n onderwyser en 'n man van die kerk — 'n man van vrede wat in vryheid van spraak geglo het. Dit sou vir hom baie erg gewees het om te sien hoe die ANC en sy comrades in die naam van rewolusie swart onderwys vernietig het.

En hy sou hom geskaam het vir die geweld en intimidasie wat hulle pleeg teen enigeen wat dit waag om van hulle te verskil.

En ons glo so, omdat die NP op die oomblik baie nader is aan sy ideale as wat die ANC daaraan is. Hy wou 'n Suid-Afrika gehad het waar alle rasse saamwerk om die beste moontlike lewe vir AL die mense te bou.

Ons glo hy sou tuis wees in die NP, want dit is die enigste party wat regtig veelrassig is. Ons dink ook hy sou gemaklik gewees het met die NP se vasberadenheid om die geweld te stop wat ons nasionale lewe bedreig.

En ons glo hy sou gemaklik gewees het met die NP se planne om die land welvarend te maak. Hy sou verstaan dat net as die land welvarend is, kan daar werk vir die mense wees – en ons die huise en die skole en die hospitale bou wat ons nodig het.



**Sefako Mapogo Makgatho** is op 18 September 1860 naby Pietersburg gebore. Hy was 'n toegewyde Christen en het gekwalifiseer as beide onderwyser en predikant.

Hy het na Pretoria getrek en was een van die agt sameroepers van die Bloemfontein-konferensie in Januarie 1912, waaruit die ANC ontstaan het.

Hy is verkies tot senior visepresident van die ANC – en in 1917 president van die ANC vir 'n sewejaar-termyn.

Hy was 'n goeie vriend van Dr. AM Jabavu en Hoofman Albert Luthuli - en 'n vaderfiguur vir baie van die nuwe geslag aktiviste van die veertigerjare – waaronder Nelson Mandela.

Hy is in 1951 oorlede en is in Mamelodi begrawe.

Ons glo die ANC het ver afgedwaal van die oorspronklike pad wat ons voorvader help maak het. Dit is hoekom elkeen van ons op sy eie hierdie besluit geneem het om vir die NP te stem."

Elsie, S.M. Makgatho se susterskind, is nou 78 jaar oud. Sy sê: "Ek stem vir die NP want ek het 'n pensioen; en hulle sal daaragter kyk. Die ANC gee nie om vir ou mense nie, ek vertrou hulle nie om die pensioen aan te hou betaal nie."

En vir Elsie, SM se 62-jarige aangetroude kleindogter, is die rede geweld: "Die ANC se comrades het mense gestuur om my bang te maak en my weg te jaag uit die snoepwinkel by die skool waar ek gewerk het," sê sy. "Hulle het ook my kar gesteel, en toe ek 'n ander een kry, het hulle dit aan die brand gesteek. Hoe kan ek vir sulke mense stem?"

Vir Robert, 'n 47-jarige onderwyser en agterkleinseun van SM, is geweld ook die rede: "Hulle haat opposisie. Twee keer het hulle my huis met petrolbomme gegooi – en hulle het my op straat gedreig."

Russel, SM se agterkleinseun wat 34 jaar oud en werkloos is, sê: "My voorvader sou hom geskaam het vir hulle onverdraagsaamheid."

En Reginald, 'n 28-jarige elektrisiën en agterkleinseun van SM, sê hy stem vir die NP want "die ANC gee nie vir mense om nie. Al wat hulle soek, is mag."

"Elf van ons gaan vir die NP stem. Ander lede van die familie gaan vir ander partye stem. Hulle is vry om so te maak. Dis hoe S.M. Makgatho se demokratiese ideale in die praktyk werk.


Dit is jammer die ANC glo nie meer in hierdie basiese beginsel van vryheid van spraak nie. En dit is nog 'n groter jammerte omdat ons voorvader 'n lig op die pad was van die huidige leier van die ANC toe hy die eerste keer die politiek betree het. Mnr Mandela het selfs sy tweede seun my grootvader se naam gegee.

Hy het hom Makgatho genoem."

**WEES SEKER VAN 'N BETER LEWE**

**Stem vir FW de Klerk en die nuwe Nasionale Party**

NP Nasionale Party



X

Opgestel en uitgereik deur Marthinus van Schalkwyk, Marksgebou, Parlementstraat, Kaapstad.

OPTIMUM MARKETING COMMUNICATIONS 22659/A